

DIE DROOMBOOM

Wie sal nie daarvan hou om so 'n boom te hê nie?

“Ek het op my bed gelê en in die middel van die wêreld 'n hoë boom gesien. Die boom het groot en sterk geword. Dit was naderhand so hoog soos die wolke. Almal op die wêreld kon dit sien. Dit het groen blare gehad en genoeg vrugte gedra dat almal daarvan kon eet. Die diere van die veld het in sy skaduwee gestaan. Die voëls van die lug het daarin nes gemaak. Almal wat leef, kon van sy vrugte lewe.” DANIËL 4:10-12 NLV

Hierdie klink wonderlik, maar ongelukkig was dit slegs 'n droomboom, Nebukadnesar se droomboom en dit was tot op die grond afgekap en verwoes.

Ons lees egter in Genesis van 'n ander boom, die **Boom van die Lewe**.

*“Die Here God het ook verskillende soorte bome uit die grond laat opkom. Dit was mooi bome met heerlike vrugte. Die **boom van die lewe het Hy in die middel van die tuin geplant en ook die boom van kennis van wat reg en verkeerd is.**”* GENESIS 2:9 NLV

As gevolg van ons verkeerde besluite het ons vir 'n baie lang tyd uitgemis op die **Boom van die Lewe**. Danksy die genade van God het Jesus ons egter 'n tweede kans gegee. Hy is die BOOM VAN DIE LEWE. Hy het aan die kruis(hout) gesterf om ons verhouding met God te herstel, om die kanaal van liefde, genade en seën oop te maak.

“Jesus het vir haar gesê: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterf hy ook. Elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterf nie. Glo jy dit, Marta?” JOHANNES 11:25-26 NLV

“Die dief kom vir niks anders nie as om te steel, dood te maak en te vernietig. Ék het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, sodat hulle dit oorvloedig het.” JOHANNES 10:10 NLV

“En God is in staat om aan julle elke gawe in oorvloed te gee sodat julle in elke opsig altyd van alles genoeg kan hê én ook nog oorvloedig kan wees in elke goeie werk.” 2 KORINTIËRS 9:8 NLV

“Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde Bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” JOHANNES 15:5


“Julle sal hulle aan hulle optrede uitken, net soos 'n mens 'n boom aan sy vrugte kan uitken. 'n Mens pluk tog nie druiwetrosse van doringbosse, of vye van dissels nie.” MATTEUS 7:16



Die vrugte is God se beloftes, maar dit kan slegs waar word as ons gewortel is in Sy Woord, en toelaat dat die Heilige Gees deur ons vloei/werk sodat daar vrugte kan wees.

Die vraag is dan. Watter vrugte wil ek aan my boom hê. En wat moet ek doen om dit te verkry. Ek moet die grond rondom my boom voorberei, my boom natmaak en sy takke snoei.

<p>Snoei:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gulsigheid • Ontevredenheid 1 Tim. 6:8-10 • Suinigheid • Onmededeelsaamheid 1 Tim. 6:17-18 • Liefde vir geld Heb.13:5 • Voeg gerus verse by... 	<p>Water:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bly in Jesus John 15:4-5 • Bly in Sy Woord John 15:7-8 • Bly in Sy liefde Joh 15:10 • Saai vrygewig 2 Kor. 9:6-8 • Voeg gerus verse by... 	<p>Wat sal die resultaat van die vrugte op jou boom wees?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oorvloed • Vrygewigheid • Vermenigvuldiging • Goeie werke • Hemelse skatte • Seën • Erfenis Spr. 13:22 Phil. 4:19 AMP Spr. 22:9 2 Kor. 9:11 Spr. 11:25 • Voeg jou verse en vrugte aan die boom...
--	--	---




VRUGTE = RESULTAAT
WATTER VRUGTE WIL JY HÊ?

STAM = AKSIE
SAP WAT VLOEI = DIE HEILIGE GEES

WORTELS = GOD – WOORD VAN GOD
Teksterverse

Stel vas wat jy moet doen om meer vrugte aan jou boom te kry:



Wat moet jy snoei?

Wat moet voeding of water kry?

Wat wil jy aan jou boom hê (vrugte)?

Aksieplan: Skryf 'n aksieplan van hoe om meer goeie vrugte aan jou boom te kry. Deel dit met jou vrou of vriend (jou verantwoordbaarheidsvennoot).

Gebed:

Here, help ons om 'n gesonde boom te groei tot U verheerliking. Amen!

“n Tiende van die opbrengs van die land, of dit graan of vrugte is, behoort aan die Here en moet vir Hom as heilig afgesonder word.” LEVITIKUS 27:30 NLV

VERJAARDAE:

Maart

20 Paul le Roux

21 Jeff Daniels, Ralph Willcox

22 Eldrid Janeke, David Nel, Carl Punt

23 Evert Eek, Marcu van Wyk

KALENDER:

Bid asb vir die volgende:

- CBMC **Uitreik** Valsbaai, 20 Maart
- CBMC gesamentlike **Uitreik**, Strand-Sentraal, 5 April
- CBMC **Inreik**, Malmesbury, 10 April
- CBMC **Uitreik** Strand, 19 Julie
- **Global Leadership Summit 2019** <https://willowcreeksa.co.za/gls2019/>
(kaartjies ook beskikbaar by Piet Swart 082 962 8926 (piet@groen96.co.za))
- CBMC **Afrika-konferensie**, Kenya 17-19 Oktober (<http://www.cbmcafrica.com>)
One-Pager ook ingesluit.

Leadership Coach Training

- 17 & 18 Mei
- 13 & 14 Sep

Kontak Piet Swart 082 962 8926 (piet@groen96.co.za)

